Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

**Bewyse dat Jesus bestaan het**

Christenskap is nie net 'n oortuiging wat mense aan vashou op grond van stories, tradisie en gevoelens nie. Sonder om te geestelik of emosioneel te raak, kan ons bewyse vir Jesus Christus se bestaan, sy dood en selfs sy opstanding vind. Daar is betroubare bronne - buiten die Bybel - wat bewys dat Jesus geleef en gesterf het. (https://www.bethinking.org/jesus/ancient-evidence-for-jesus-from-non-christian-sources).

Die Christen se geloof hang van Jesus Christus se opstanding af. Die Bybel self sê vir ons dat as Jesus nie uit die dood opgestaan het nie, die Christelike geloof absoluut sinneloos is (1 Korintiërs 15:14-20). Christenskap sou net nog 'n leë godsdiens wees as Jesus nie uit die dood opgestaan het nie. Maar voordat ons na bewyse vir die opstanding ondersoek - kom ons kyk na bewyse vir die bestaan van Jesus Christus.

Die Bybel (wat 'n betroubare historiese dokument is) teken Jesus se geboorte, lewe, dood en opstanding aan. Maar buiten die Bybel is daar baie betroubare nie-Bybelse verwysings na Jesus binne die eerste en tweede eeu. Hier is 'n paar van hulle:

**Antieke historiese manuskripte (50-157 n.C.)**

As Jesus nie werklik bestaan het nie, sou dit moeilik wees om die enorme groei van Christenskap tydens die eerste 100 jaar vanaf die tyd van Jesus se lewe te verduidelik. Baie vroeë historiese figure het briewe en verhandelings geskryf (formele en sistematiese opstelle) waarin besonderhede oor Jesus se lewe, dood en opstanding aangeteken is. Sommige van hulle sou hierdie inligting ontvang het van mense wat Jesus persoonlik geken het. Hier volg net ’n paar van die mees bekende voorbeelde hiervan.

1. Clemens van Rome
   Clemens van Rome (35 n.C. – 99 n.C.), ook bekend as Pous Clemens I, was die biskop van Rome en 'n vroeë kerkvader. Hy het 'n brief aan die kerk in Korinte (96 n.C.) geskryf om 'n interne leierskapgeskil te hanteer. In die brief moedig hy hulle aan om nederigheid te beoefen en na die voorbeeld

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

van Jesus te kyk. Clemens se brief praat ook van die leringe van Jesus (13:1), sy dood (21:6) en sy opstanding uit die dood (24:1). (biblearchaeologyreport.com, earlychristianwritings.com/text/1clement-lightfoot.html)

2. Ignatius van Antiochië
   Ignatius van Antiochië, ook bekend as Ignatius Theophorus, was 'n vroeë Christelike skrywer en ouderling in Antioch. Hy het omstreeks 110 n.C. 'n brief aan die gelowiges in Smirna geskryf waarin hy sê: “Nou het Hy al hierdie dinge ter wille van ons gely, sodat ons gered kan word. En hy het waarlik gely, net soos hy homself waarlik opgewek het...” (earlychristianwritings.com/text/ignatius-smyrnaeans-longer.html, https://en.wikipedia.org/wiki/Epistle_of_Ignatius_to_the_Smyrnaeans)

3. Mara bar Serapion
   Mara bar Serapion, was 'n Stoïsynse filosoof gedurende die eerste eeu - en nie 'n Christen nie. Hy is bekend vir 'n brief wat hy omstreeks 73 n.C. in Aramees, aan sy seun, Serapion, uit die tronk geskryf het. Hy het geskryf om sy seun aan te moedig om wysheid na te streef, en daarin het hy na Jesus verwys.

   “Wat anders kan ons sê, wanneer die wyses met geweld deur tiranne meegesleur word, hulle wysheid deur beledigings gevange geneem word, en hulle verstand sonder verdediging onderdruk word? Watter voordeel het die Atheners gekry deur Sokrates te vermoor, waarvoor hulle met hongersnood en pes vergoed is? Of die mense van Samos deur die verbranding van Pythagoras, omdat hulle land binne net een uur heeltemal bedek was met sand? Of die Jode deur hulle wyse koning dood te maak, omdat hulle koninkryk op daardie tydstip weggeneem is? God het die wysheid van hierdie drie manne regverdig vergeld: die Atheners het gesterf van hongersnood; die Samiërs was heeltemal oorweldig deur

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

die see; en die Jode, verlate en uit hulle eie koninkryk verdryf, is deur elke nasie verstrooi. Sokrates is nie dood nie, as gevolg van Plato; Pythagoras ook nie, vanweë die standbeeld van Juno; ook nie die wyse koning nie, vanweë die nuwe wette wat hy vasgelê het."

Daar is geen onenigheid onder historici dat Mara Bar Serapion na Jesus verwys het toe hy geskryf het dat die Jode "hul eie wyse koning" vermoor het nie. Die Bybel wys ook vir ons dat 'n hele aantal ongelowiges die titel "Koning van die Jode" gebruik om na Jesus Christus te verwys. Dit sluit Pilatus (Luk. 23:3), Romeinse soldate (Matteus 27:27-29), en selfs sommige Jode (Mark. 15:12), in. Hierdie titel is ook met die kruisiging op 'n kennisgewing bokant Jesus aan Sy kruis geplaas (Joh. 19:19).

(Robert Van Voorst, Jesus outside the New Testament: An Introduction to the Ancient Evidence. (Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company, 2000), 54., https://biblearchaeologyreport.com/2022/11/18/top-ten-historical-references-to-jesus-outside-of-the-bible/, https://en.wikipedia.org/wiki/Mara_bar_Serapion_on_Jesus)

4. Pliny die Jongere
   Die goewerneur (AD 112) van die Romeinse provinsie Bithinië (vandag Turkye), Pliny die Jongere, het 'n groot probleem gehad. 'n Aantal Christene is na sy hof gebring, en hoewel dit onduidelik is wat die aanvanklike aanklagte was, het hy uiteindelik besluit om hulle tereg te stel omdat hulle geweier het om hul geloof in Christus te ontken - al het dit onskadelik gelyk. Pliny het aan sy vriend die keiser geskryf vir raad, en om uit te vind of hy die saak wettiglik korrek hanteer het. Dit toon eerstens dat Rome wel Christenskap as 'n godsdiens erken het, alhoewel hulle dit as 'n valse godsdiens gebrandmerk het. Die keiser het geantwoord en gesê dat Pliny die regte ding gedoen het deur hulle tereg te stel, maar het hom aangeraai om nie Christene te soek om te vervolg nie.

   In sy brief praat Pliny oor sy poging om die Christene te oorreed om

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Christus (wat hulle gevolg het) te verloën. Hierdie kommunikasie tussen die goewerneur en die keiser bewys die bestaan van Christus. Christus was 'n ware, historiese figuur wie se naam genoeg probleme veroorsaak het dat die Romeinse regering die invloed daarvan wou stopsit. Plinius se brief wys ook vir ons dat Christene op daardie stadium geglo het dat Jesus God is, en dat Christene weekliks vergader het om hom as God te aanbid.

(Pliny, Letters, Book 10, Letter 97. Online: http://www.attalus.org/old/pliny10b.html#97, https://biblearchaeologyreport.com/2022/11/18/top-ten-historical-references-to-jesus-outside-of-the-bible/, https://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/religion/maps/primary/pliny.html#:~:text=In%20the%20year%20112%2C%20Pliny,were%20brought%20into%20his%20court.)

5. Josephus

   Flavius Josephus (gebore 37/38 n.C. in Jerusalem en gesterf in 100 n.C. in Rome) was 'n Joodse priester, 'n wetsgeleerde en 'n historikus wat oor die Joodse opstand van 66–70 n.C. en ook oor die Joodse geskiedenis oor die algemeen geskryf het.

   Josephus verwys na Jesus in sy werk, *Antiquities of the Jews*, wat oor die algemeen na verwys word as die "Testimonium Flavianum". Christelike en nie-Christelike akademici stem saam dat dit 'n outentieke verwysing na Jesus is.

   “In hierdie tyd was daar 'n wyse man wat Jesus genoem is. Sy gedrag was goed, en [hy] was bekend as deugsaam. En baie mense uit die Jode en die ander nasies het sy dissipels geword. Pilatus het hom veroordeel om gekruisig te word en om te sterf. Maar dié wat sy dissipels geword het, het nie sy dissipelskap laat vaar nie. Hulle het berig dat Hy drie dae ná sy kruisiging aan hulle verskyn het en dat Hy lewendig was; daarom was hy miskien die Messias van wie die profete wonders vertel het.”

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

('*n Arabiese weergawe van die Testimonium Flavianum en die implikasies daarvan.* (Jerusalem: Israel Academy of Sciences and Humanities, 1971), 9-10)

Josephus maak ook 'n tweede verwysing na Jesus wanneer hy die dood van Jakobus beskryf: "die broer van Jesus, wat Christus genoem is".

(Josephus, Antiquities, 20.9.1. Online: https://www.perseus.tufts.edu/hopper/text?doc=Perseus%3Atext%3A1999.01.0146%3Abook%3D20%3Awhiston+chapter%3D9%3Awhiston+section%3D1)

Josephus het soos 'n verslaggewer opgetree. Hy het nie geskryf op grond van sy mening of emosie nie. Hy was self 'n wetsgehoorsame Jood wat nie geglo het dat Jesus die Messias is nie. Josephus het egter op ’n objektiewe wyse die feite aangebied wat hy geweet het waar was: Jesus het bestaan. Hy is Christus genoem (wat "gesalfde" beteken en wat na die Beloofde Messias verwys). Hy is deur Pilatus gekruisig. Baie mense het sy volgelinge (dissipels) geword. Sy dissipels het beweer dat Jesus leef en aan hulle verskyn het.

(https://biblearchaeologyreport.com/2022/11/18/top-ten-historical-references-to-jesus-outside-of-the-bible/, https://www.britannica.com/biography/Flavius-Josephus

6. Suetonius
   Gaius Suetonius Tranquillus (algemeen bekend as Suetonius) is omstreeks 69 n.C. gebore en is iewers na 122 n.C. oorlede. Hy was 'n Romeinse historikus wie se bekendste werk, *De vita Caesarum* (*Lewens van die keisers*), 'n kort geskiedenis van die eerste twaalf keisers (van Julius Caesar tot die keiser Domitianus) opgeteken het. In sy geskrifte het Suetonius die redes verduidelik waarom keiser Claudius (41-54 n.C.) die Jode uit Rome verdryf het. Hy het geskryf: "Aangesien die Jode voortdurend as gevolg van opsweping van Chrestus [Christus] onrus gemaak het, het hy hulle uit

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Rome verdryf." (*Lewens van die Eerste Twaalf Caesars: Lewe van Claudius*). Dit is ook in die Bybel in Handelinge 18:2 opgeteken.

Binne 'n honderd jaar van die lewe van Jesus was Hy wyd bekend, 'n gewilde en omstrede figuur wat blykbaar die Jode woedend gemaak het. Hulle woede het veroorsaak dat hulle 'n openbare steurnis geword het.

(https://biblearchaeologyreport.com/2022/11/18/top-ten-historical-references-to-jesus-outside-of-the-bible/, https://penelope.uchicago.edu/Thayer/E/Roman/Texts/Suetonius/12Caesars/Claudius*.html

Jesus se historiese bestaan word oor die algemeen deur akademici aanvaar. Die bewyse vir die bestaan van Jesus Christus sluit geskrifte deur historici, artefakte en ooggetuieverslae in. In hierdie les het ons hoofsaaklik gefokus op geskrifte deur antieke historici. As ons die bewyse ernstig oorweeg, kan ons nie bevraagteken dat Jesus werklik omtrent 2 000 jaar gelede bestaan het nie. Soos argeoloog Eric Meyers, emeritus professor in Judaïese studies aan Duke Universiteit gesê het:

“Ek ken geen hoofstroomgeleerde wat die historisiteit van Jesus betwyfel nie. Die besonderhede word al eeue lank gedebatteer, maar geen ernstige historikus twyfel dat hy ’n historiese figuur is nie.”

## Vrae om oor na te dink

1. Daar word dikwels gesê dat ons meer historiese bewyse het dat Jesus bestaan het, as historiese bewyse dat Julius Ceasar bestaan het. Hoe beïnvloed dit jou siening van Jesus, en/of jou verhouding met Hom?
2. Wat staan vir jou uit in hierdie les?